**Saterdag 30 September**
**Skrifgedeelte: Hooglied 5:10-16**
**Fokusgedeelte: Hooglied 5:10**
**Bybelse intimiteit: lewenslank en toegewyd**

Losbandigheid maak intimiteit goedkoop. Geen toewyding nie. Geen verbintenis nie. Geen verhouding nie. Dit terwyl daar soveel meer dimensies is aan ons menswees. Oordrewe preutsheid heg weer ’n te duur prys aan iets wat God as ’n gawe gegee het.

Om lewenslank toegewyd te wees, is iets heel anders as kortstondige genieting. Lewenslange toewyding beteken om ’n student te bly van jou lewensmaat. En om God se beeld in hulle te sien deur verskeie lewensfases. Hoe kyk jy en ek na ons lewensmaats? Hoe is my huwelik ’n beeld van Jesus en sy kerk? Toewyding kom deur vertroue en geduld. Dit kom deur keuses van liefde en gehoorsaamheid.

Om iemand te sien vir wie hulle is deur geloof, deur hoop en deur liefde – dit beskerm ons intimiteit. Soos wat koue die afwesigheid is van hitte, so is oordrewe preutsheid die afwesigheid van Bybelse intimiteit. Wat ons werklik nodig het, is God se hart vir ons huwelike. Ons behoeftes is deel van God se ontwerp. Maar hoe ons uiting gee daaraan, ontbloot ons gesindheid voor die Here. God het skoonheid en liefde geskep. Dit is ons keuse om dit in gehoorsaamheid te geniet.

*Sing: Psalm 138-1:1, 4*

*Ds. WM van der Waal (Willem) (Linden)*